Deel 3, No. 4. Julie/July, 1954 Volume 3, No. 4.

# Pretoriana

MERENSKY-BIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
5 JUL 1954
Klasnommer 05(68)
Registernommer P3/4.




Genootskap Oud-Pretoria Association Old Pretoria

## Verslag van die Provinsiale Van Riebeeckfees vir Transvaal, te Pretoria vanaf Donderdag 6 Maart 1952 tot Sondag 16 Maart 1952

Kopiereg voorbehou. Copyright reserved.

INHOUD — CONTENTS

Editorial/Redaksioneel: 14 Julie 1904.
The Van Riebeeck Tercentenary Festival — Pretoria, 6th March to 16th March, 1952.
Maj. M. J. Dommisse: 'n Seldsame Foto en enige Herinneringe.
Dr. T. S. van Rooyen: Die Kronieke van Wallmannsthal, III.

# In Pretoria

*... sedert 1877*

# In Suid-Afrika

*... sedert 1862*

Meer as 'n driekwart-eeu gelede, toe die eerste tak in Pretoria gestig is, het die Standard Bank reeds sy plek vol gestaan onder die baanbrekers in Transvaal. Sedert sy vestiging in Suid-Afrika in 1862 was die Standard Bank steeds ten nouste verbonde aan elke fase van die landboukundige, handels- en nywerheidsontwikkeling van ons land

**DIE STANDARD BANK VAN SUID-AFRIKA BEPERK**

*Reeds 92 jaar in Suid-Afrika se diens*

# 14 JULIE 1904

HIERDIE maand is dit 50 jaar gelede dat Stephanus Johannes Paulus Kruger, Staatspresident van die Suid-Afrikaanse Republiek te Clarens oorlede is.

Tans is die huis in Switzerland waar ons vaderlandsliewende President en Pretoria se beroemdste burger sy laaste maande deurgebring het, die eiendom van die volk van Suid-Afrika.

In sy gewese hoofstad beywer genootskappe en owerhede hulself om president Kruger se nagedagtenis te eer. Oor 'n paar maande sal die Krugerstandbeeld na 'n vertraging van byna 60 jaar uiteindelik op die Kerkplein van Pretoria te staan kom.

Ons genootskap het die Administrateur van Transvaal ook gevra om die **ou** Republikeinse wapen voor 10 Oktober weer op die gewel van die Goewermentsgebou aan te bring. Reeds is deur die Provinsiale Administrasie van Transvaal aangekondig dat die ou wapen van die Z.A. Republiek buite en binne die Raadzaal in ere herstel sal word.

Maar ons Genootskap verwag ook dat die Kerkplein 'n meer Afrikaanse voorkoms sal kry. Om hierdie rede herhaal die Genootskap Oud-Pretoria sy versoek van Desember 1951 naamlik dat daar op aangedring word dat inheemse boomsoorte die plein moet versier, bv., witstinkhouten geelhoutbome vir skaduwee en kaffer-, wildepeer en akasiabome vir blom- en kleureffek. Meer vyvers en fonteine behoort aangelê te word, terwyl die busvervoer en wăghuisies van die plein verwyder moet word.

Ons doen 'n beroep op ons burgemeester, raadslid dr. H. Muller om die Genootskap se versoek in verband met die Kerkplein daadwerklik te steun, sodat Pretoria voor 1955 'n eg Afrikaanse plein sal besit waarvan die Krugerstandbeeld die middepunt sal vorm.

Die Stadsraad en Oud-Pretoria moet in die bewaring van ons stad se geskiedenis ten nouste saamwerk. Hierdie belangrike samewerking word 'n dringende vereiste noudat die eeufeesreëlings vir Pretoria getref word.

Al die lede van die Genootskap Oud-Pretoria stel opreg belang in die geskiedenis en vooruitgang van ons stad. Hierdie belangstelling is vanjaar sterker as ooit sodat die onderstaande woorde uit President Kruger se laaste boodskap van 1904, vandag by ons selfs 'n dieper inklank as voorheen vind:

„Zoekt in het verleden al het goede en schoone."

W. PUNT,
Voorsitter.

# Verslag van die Provinsiale van Riebeeckfees vir Transvaal-Pretoria, 6 Maart tot 16 Maart 1952

### *Voorwoord deur die Voorsitter*

# *Aanskou, ons bou 'n Nasie!*

WAAR die blink-blou lintstreep van die grootpad, wat van Kaapstad af deur die lengte van Afrika gebou word — en die eenheid van sy bestemming versinnebeeld — en dan om die Voortrekkermonument deur Pretoria swaai, het Transvaal in Maart en April 1952 dankbaar nadenkend, hom in sy jeugdige hede verlustigend en in die toekoms turend, fees gevier. Ons het Suid-Afrika se vordering op allerlei gebied probeer bereken en hier en daar, waar dit moontlik was, het ons dit deur grepies uit ons volkslewe getoon. Dit was 'n besieling vir vele. Ons het voorts Suid-Afrika se taak, die vererende opdrag wat die beskawing aan hom gegee het, probeer sien en verstaan. Dit was 'n grootse gesig vir diegene wat dit kon begryp en daarin glo, en ons het ons opnuut tot ons taak gewy.

In daardie tyd het ons dan hoogtepunte van inspirasie en insig beleef wat tot versterking op ons weg sou dien. Ons het groot gedink en trots gevoel — maar tog ook soms so klein. Maar in daardie kort tyd toe ons op die bergtoppe verkeer het, het sommige onder ons die skeppende drang beleef, en veel is tot stand gebring: 'n gedig, 'n toneelstuk, 'n melodie, of ook wel 'n mooi stuk organisasiewerk, hier en daar 'n sienlike tabberd, vertoonkaste vir 'n museum, 'n natuurreservaat ter herinnering, 'n stuk teerpad na die eggenote van ons eerste volksplanter genoem, 'n bydrae tot 'n goeie saak wat dit nodig het, versterkte vriendskapsbande, meer verdraagsaamheid en liefde, dieper kennis van die faktore waaruit ons geskiedenis gespruit het en groter waardering van diegene wat dit gemaak het — nie altoos ons besondere vriende nie maar ook soms diegene teenoor wie ons in die reël onverskillig staan, of nog erger.

Hier word nou, oor die naam van sy Ere-sekretaris, 'n bondige en onopgesmukte relaas gegee van wat die Feeskomitee en sy talryke helpers verrig het, in die hoop dat dit 'n herinnering sal wees vir baie mense wat in die ervarings van die feesdae hulle rigsnoere duideliker gesien en hulle bakens vaster geplant het as voorheen; in die hoop ook dat dit die geloof van diegene wat na hulle kom sal versterk.

En hiermee meen ons dat ons aan die vleiende opdrag van ons prinsipale, die Afrikaanse Kultuurraad van Pretoria en die publiek van Transvaal, voldoen het, en ons eervolle ontslag mag aanvaar.

G. W. EYBERS.

## INLEIDING:

Elke Afrikaner, Afrikaanssprekend sowel as Engelssprekend het dikwels en onwillekeurig aan die naderende jaar 1952 gedink as die jaar waarin die driehonderdjarige bestaan van die blanke beskawing in Suid-Afrika behoort herdenk te word. Uit hierdie gedagte is die Sentrale Feesviering te Kaapstad gebore.

In 1950 het die gedagte van 'n Van Riebeeckfeesviering te Pretoria van die Afrikaanse Kultuurliggame uitgegaan. Uit 'n verslag van werksaamhede wat aan die Kultuurraad van Pretoria op sy Mei-1951 vergadering voorgelê is, word gemeld dat 'n Breëkomitee gekies is, met Dr. G. v. W Eybers as voorsitter en mnr. B. J. van der Walt (nou L.V.) as ere-sekretaris. Die Breëkomitee sou die reg hê om meer lede te koöpteer. Verskeie persone, Afrikaanssprekend sowel as Engelssprekend is dan ook van tyd tot tyd bygevoeg.


Die doel van die Provinsiale van Riebeeckfees vir Transvaal was om diegene van ons Provinsie wat nie die feestelikhede te Kaapstad kon bywoon nie, tog 'n smakie te gee van die luisterryke fees wat in Kaapstad gehou sou word en in elk geval om die ondervindings van die eeufeesjaar te verryk en te verdiep.

Die feesviering moes 'n Provinsiale karakter dra. Dit was die voorwaarde waarop die Provinsiale Raad van Transvaal die mooi bedrag van £2,000 eenparig gestem het vir die feesviering te Pretoria.

'n Omsendbrief is aan die stadsrade, dorpsrade en gesondheidskomitees van alle stede en dorpe in Transvaal gestuur. Hierin is hulle uitgenooi om deel te neem aan die feestelikhede te Pretoria. In dieselfde omsendbrief is ook die geleentheid gebied om geldelike steun te verleen ten einde die koste van die feesviering te bestry. Die reaksie hierop was nie baie belowend nie. Die meeste dorpe het egter reëlingskomitees saamgestel om die verskillende poskoetse wat hulle dorpe sou besoek op weg na Kaapstad, paslik te ontvang en op so'n wyse ook self fees te vier.

Die van Riebeeckfees-komitee van Johannesburg het daadwerklik saamgewerk en mnre. Dr. P. Goosen en M. S. du Buisson op die Breëkomitee te Pretoria benoem. Johannesburg se komitee het die sierwaens wat tydens hulle feesviering aan die optog deelgeneem het, ook aan die optogte te Pretoria laat deelneem.

Die destydse burgemeester van Vereeniging, raadslid H. W. Kruger, het Vereeniging verteenwoordig op die Breëkomitee.



## PROVINSIALE VAN RIEBEECKFEES VIR TRANSVAAL

*SAMEROEPERS VAN KOMITEES*

*Sittende Links na Regs: Prof. J. P. Duminy, Mnr. P. J. H. Basson, Mej. I. Bagot-Smith, Dr. G. v. W. Eybers (Voorsitter), Mej. Kobie Court, Dr. J. Oosthuizen, Dr. W. Punt.*

*Staande Links na Regs: Mnr. J. O. Marinus, Kol. F. W. Pettipher, Mnr. J. G Pretorius (Hulpsekretaris), Mnr. G. R. J. Kluijts (Sekretaris), Mnr. J. H. Pretorius (Voorsitter Fin. Kom.), Mnr. C. J. F. G. Niemann, Prof. C. Smit, Mnr. J. van Rensburg, Mnr. J. Basson (Penningmeester), Prof. G. Bon.*

Vanaf Oktober 1951 het die huidige sekretaris, mnr. G. R. J. Kluijts, deeltyds en vanaf 12 November 1952 voltyds opgetree. Die Provinsiale Administrasie en die Transvaalse Departement van Onderwys was so goed om hom, sowel as die volgende amptenare spesiale verlof toe te staan om met die feestelikhede te Pretoria behulpsaam te wees, nl. Mej. I. Bagot-Smith, Prof. G. Bon en Dr. W. H. Punt.

## DIE KOMITEES.

### A. DIE DAGBESTUUR.

Die volgende lede het die Dagbestuur uitgemaak:

| | |
|---|---|
| Voorsitter: | Dr. G. von W. Eybers. |
| Ondervoorsitter: | Prof. A. N. Pelzer. |
| Sekretaris: | Mnr. G. R. J. Kluijts. |
| Penningmeester: | Mnr. J. H. Basson. |

Lede: Mnr. C. J. F. C. Niemann, Ds. A. J. G. Oosthuizen, Raadslid J. H. Visse, burgemeester van Pretoria, Mnr. A. N. Louw, Mnr. H. P. H. Behrens, Brigadier S. A. Mellville, Prof. T. J. Hugo, Ds. H. Martins, Ds. H. F. V. Kruger, Mevr. E. C. v.d. Lingen, Mnr. v. H. Rudd, Mev. J. Raath, Mnr. J. J. Brits, Mnr. C. Rattray, Mnr. J. H. Pretorius, Mnr. P. J. H. Basson, Dr. W. H. Punt, Mnr. J. G. Pretorius, Mnr. B. J. v.d. Walt. Aantal vergaderings gehou: 9.

### B. DIE BREËKOMITEE.

Die Breëkomitee het bestaan uit die volgende lede:

Alle lede van die Dagbestuur.

| | |
|---|---|
| Voorsitter: | Dr. G. von W. Eybers. |
| Ondervoorsitter: | Prof. A. N. Pelzer. |
| Penningmeester: | Mnr. J. H. Basson. |
| Sekretaris: | Mnr. G. R. J. Kluijts. |

Prof. A. J. H. v.d. Walt, Mnr. D. A. Kruger, Dr. J. C. Otto, Mej. A. M. van Vuuren, Mnre. D. Pocock, T. Beckett, en I. D. Burger, Mej. M. M. Malan, Mnre. E. Maggs, S. Bam, R. Hamilton, W. R. de la Hunt, Prof. J. P. Duminy, P. J. H. Basson, Dr. W. H. Punt, Mnre. S. L. van Wyk, A. J. Niewoudt, H. Stander, Mev. K. Roodt-Coetzee, Mev. C. de Ridder, Mnre. S. H. Eyssen, L.V., Prof. H. P. Wolmarans, Ds. G. P. van der Vyver, Dr. F. C. Symington, T. Slabbert, R. McLachlan, P. C. Coetzee, Mej. H. Strauss, Mnr. W. J. Fouche, Mej. I. Bagot-Smith, Mnre. H. F. Heyman, Ds. T. Spoelstra, Mnre. W. F. Kraamwinkel, B. Badenhorst, Dr. J. H. Breytenbach, Prof. G. Bon, Mnre. S. P. Malan, J. H. van Rensburg, Prof.

C. Smit, Dr. G. N. S. Klooster, Inspekteur J. G. Nel, Mnre. J. G. Schoeman, A. J. G. Oosthuizen, W. C. Malan, Maj. G. Pienaar, Mnre. D. P. Goosen, M. S. du Buisson, Raadslid E. Smit (later burgemeester van Pretoria), Brig. H. B. Klopper, Brig. H. G. Wilmot, Mnre. F. J. le Roux, H. W. Kruger (destyds burgemeester van Vereeniging), C. P. Raats, J. C. van Woudenberg, B. J. van der Walt.

Aantal vergaderings gehou: 7.

## FINANSIËLE KOMITEE.

Die lede van die Finansiële Komitee was die volgende persone:

(a) Alle lede van die Dagbestuur.

(b) Saamroepers van alle onderkomitees.
Voorsitter: Mnr. J. H. Pretorius.
Ondervoorsitter: Dr. G. von W. Eybers.
Penningmeester: Mnr. J. H. Basson.
Sekretaris: Mnr. G. R. J. Kluijts.

Mnre. S. G. Bam, P. Steyn, A. P. Myburgh, A. J. G. Oosthuizen, W. C. Malan, D. Pocock, J. C. van Woudenberg, Mev. McLeod Robertson, Mnre J. van Rensburg, P. B. Prins, S. H. Eyssen, L.V., T. Beckett en W. C. J Besaans.

Aantal vergaderings gehou: 5.

## ONDERKOMITEES.

### (1) Vir Historiese Voorstellings.

Saamroeper: Prof. A. N. Pelzer,
Mej. I. Bagot Smith,
Mej. Cobie Court,
Mev. C. de Ridder,
Mej. Nita Marais,
Mnr. H. F. Heyman.

### (2) Vir Historiese Uitstallings.

Erelid: Mev. W. Nicol.
Saamroepster: Mev. K. Roodt-Coetzee.
Dr. T. S. van Rooyen (sekretaris),
Mev. Louise Behrens, Mnr. H. P. H. Behrens,
Mnre. Dr. P. C. Coetzee, Dr. G. von W. Eybers, Dr. V. FitzSimons, Dr. A. J. Groenewald, Dr. A. Kieser, S. P. Malan, J. J. P. Op't Hof, Prof. A. N. Pelzer, Dr. F. J. du T. Spies, Dr. A. E. du Toit, Mnr. Th. van Wyk.

(3) **Optogte en Sierwaens.**

Saamroeper: Mnr. P. J. H. Basson.
Mev. E. C. v.d. Linge, Brig. H. B. Klopper, Brig. H. G. Wilmot, Brig. S. A. Melville, Mnre. Fleetwood, Lt.-Kol. P. L. Grobler, Mnre. W. C. Malan, J. C. Mader, Majoor G. D. Pienaar, P. Fouche, S.A.U.K. en Mev. J. Raath.

(4) **Volkspele.**

Saamroepster: Mevr. C. de Ridder.
Mnre. A. I. Niewoudt, Johan van Rensburg, Mev. M. S. McLeod Robertson.

(5) **Orkes, Musiek en Koor.**

Saamroeper: Prof. G. Bon,
Mnr. S H. Eyssen, L.V.,
Mej. Helena Strauss.

(6) **Sport.**

Saamroeper: Prof. C. Smit.
Mnre. W. K. G. Grosskopf, W. W. Haak, Mej. E. Hartmann, Mev. M. Warren, Prof. H. B. Davel, Mnre. H. C. Celliers, W. Vermaak, Matt. H. W. Marè, Dr. H. J. Nel, T. Louw, F. Endemann, K. Seyfried, J. Vorster, C. N. Swanepoel, N. T. van der Walt.

(7) **Kinderprogram:**

Saamroepers: Mnr. C. J. F. C. Niemann en Dr. J. Oosthuizen,
Mnre. T. Slabbert, J. P. Bingle, Dr. J. C. Otto.

(8) **Kerkdienste.**

Saamroeper: Ds. A. J. G. Oosthuizen,
Ds. H. Martins, Ds. T. T. Spoelstra.

(9) **Ontvangs van die Poskoetse.**

Opgedra aan die A.T.K.V.
Saamroepers: Mnr. D. A. Werth en A. N. Louw.

(10) **Toesprake.**

Opgedra aan die Dagbestuur.

(11) **Seinvure.**

Opgedra aan die Voortrekkers en ander jeugorganisasies.
Saamroeper: Mnr. W. F. Kraamwinkel.

(12) **Verversings.**

Opgedra aan liefdadigheidsorganisasies onder toesig van Mnr. P. J. H. Basson vir reëling met genoemde organisasies.

(13) **Toneelopvoerings.**

Opgedra aan Volksteater en P.O.A.D.A.
Saamroeper vir Volksteater: Mnr. Johan van Rensburg.
Saamroepster vir P.O.A.D.A.: Mev. S. McLeod Robinson.

(14) **Programkomitee.**

Mnre. P. J. H. Basson, H. P. H. Behrens en G. R. J. Kluijts.

(15) **Vervoerkomitee.**

Saamroeper: Kol. F. W. Pettipher,
Raadslid V. Rudd en Mnr. H. C. Ribbens.

(16) **Parke, Strate en Tuine.**

Saamroeper: Dr. W. H. Punt,
Dr. F. J. du T. Spies, Prof. A. N. Pelzer en Raadslid V. Rudd.

(17) **Nederlandse Aand.**

Opgedra aan die Nederlandsche Vereeniging van Pretoria.
Saamroeper: Mnr. W. U. Hazewindus.

(18) **Kunsuitstalling.**

Saamroeper: Prof. J. P. Duminy.
Mev. T. C. Celliers, Mev. E. Greenwood, Dr. G. von W. Eybers, Mnre. J. E. McKillop, Prof. A. L. Meiring, Dr. A. J. van Zyl, Mev. C. V. Sandenbergh, Dr. M. Stein Lessing, Mnr. G. R. J. Kluijts.

(19) **Nie-Blanke feesviering.**

Mnre. I. O. Marinus en C. Meaker.

(20) **Nie-Blanke Kerkdienste.**

Opgedra aan die Sendinggenootskappe van Pretoria.
Saamroepers: Ds. J. H. M. Stoffberg en Eerw. J. H. van Wyk.

(21) **Filmkomitee en Historiese Vlae.**

Saamroeper: Dr. W. H. Punt,
Dr. W. F. Knobel, Mnre. A. Crous, S. L. van Wyk en Ds. R. J. Raath.

(22) **Boekuitstallingskomitee.**

Saamroeper: Mnr. M. M. Stirling,
Dr. G. von W. Eybers, Mnre. S. A. Myburgh, Prof. J. P. Duminy, J. J. Brits, M. G. Nicolson, C. Christie, Prof. T. H. le Roux, Prof. R. M. Titlestad, S. J. Kritzinger, Dr. P. C. Coetzee, Mev. E. C. de Wet, Mnre. G. Morris en P. F. Coetzee, Mejj. L. Percivale, S. Nicholson en H. Barker.

(23) **Noodhulpdienste.**

Opgedra aan die Noodhulpliga, St. John-Brigade en die Rooikruis.

## AANVANG VAN DIE VIERING.

Die aanvang van die Provinsiale van Riebeeckfees vir Transvaal is vir die aand van 6 Maart 1952 vasgestel. Alle kerke in Pretoria is gevra om daardie aand om tien-uur hulle klokke te laat lui as 'n opwekkende aankondiging dat die Fees begin het. In baie gevalle is aan hierdie versoek met graagte voldoen. Op dieselfde uur is 'n klokkespel vanuit die toring van die stadshuis gehoor. Om 8-uur is die Fees deur die Administrateur van Transvaal, Dr. W. M. Nicol, in die Stadsaal amptelik geopen by geleentheid van 'n groot filmvertoning toe daar tonele van die lande van ons herkoms gewys is.

Die Voorsitter, Dr. G. von W. Eybers, het 'n woord van verwelkoming tot die skare in die volgepakte saal gerig en gewys op die betekenis van die viering vir die volk van Suid-Afrika, en die burgemeester van Pretoria, Raadslid J. H. Visse, het ook 'n kort toespraak gelewer. Op hierdie en die volgende aande is die Stadsaal met „vlae uit van Riebeeck se dae" versier. Dr. W. Punt het die geskiedenis en betekenis van elkeen van die vlae aan die groot gehoor verduidelik. Dieselfde vlae het 'n maand later bo die feespawiljoen in Kaapstad gewapper. Op 7 Maart was daar weereens 'n filmvertoning. Die opkoms veral van leerlinge uit die skole, was weer uitstekend. Op die twee aande het die gehore bestaan uit 4,000 volwassenes en 8,000 skoolkinders. Mej. D. Goote het Maria van Riebeeck in tonele uit die tyd voorgestel en het by die skoolvertonings opgetree.

Vir die aand van 7 Maart 1952 was alle burgemeesters en stadsraadslede van Transvaal uitgenooi na die filmvertoning. By dié geleentheid het Raadslid Potgieter, burgemeester van Potchefstroom, die oudste dorp van Transvaal, 'n rede gevoer en alle besoekers na Pretoria welkom geheet. Gedurende die aand is 'n lied, „This Land", wat spesiaal vir die geleentheid van die viering deur mnr. Scott Connors gedig en getoonset was, deur mnr. Izak de Villiers gesing, met orrelbegeleiding deur mnr. Marsh

**Saterdag, 8 Maart 1952.**

Sierwaens en vlotte beweeg deur die stad. Vooraan het die Verdedigingsmag gekom met 'n historiese voorstelling van ontwikkeling van die metodes van verdediging wat in Suid-Afrika van tyd tot tyd toegepas is. Hierdie optog was enig van sy soort gedurende die feesviering. Op geen ander plek in Suid-Afrika is so iets gesien nie. Hierna het die Johannesburgse Sierwaens wat deur die Maria van Riebeeckklub georganiseer is, gekom. Hierdie optog het sekere vername insidente uit die Suid-Afrikaanse geskiedenis voorgestel en elkeen is met die hulp van luidsprekers aan die skares langs die strate en op die pleine verduidelik. Die „Pretoria News" van 8-3-52 het 'n besonder waarderende verslag van die optog laat verskyn en verklaar: „Skares sê, dit was wonderlik"! Die Transvaler: „Die grootste optog wat die stad nog gesien het. Pretoria het in feesstemming verkeer."

**Saterdag, 8 Maart 1952. 2.15 n.m.**

Noord-Transvaalse Atletiek-Kampioenskappe. Hierdie byeenkoms is as 'n deel van die feesviering te Pretoria beskou. Die deelnemers van die landloop na Kaapstad het te Pretoria aangekom.

**8 Maart 1952. 8 n.m.**

Volkspele en Volksdanse op die Caledoniese Terrein.
Nagenoeg 5,000 mense het die geleentheid bygewoon.
Pretoria News: „Die vertoning was een van die grootste en kleurrykste volksdanse en volkspele in nasionale drag wat nog in Pretoria gesien is."

Gedurende die aand was daar 'n nagvlugvertoning deur die lede van die S.A. Lugmag.

**Sondag, 9 Maart 1952. 3 n.m.**

Gesamentlike kinderdiens in die stadsaal. Slegs 'n paar honderd kinders het die diens bygewoon. Eerwaardes Mitchell, Roberts, Charlton, Dii. Oosthuizen en Martins het opgetree. In die kerke van die stad is orals by die oggenddienste verwys na die viering en is die gehore opgeroep tot diepe dankbaarheid en plegtige wyding.

**Maandag, 10 Maart 1952. 7.30 n.m.**

**Historiese Sport.**

Dit was die enigste aand tydens die viering wat na reën gelyk het. Daar was tog nog omtrent 2,000 toeskouers wat die ontwikkeling van sport in Suid-Afrika, wat baie realisties uitgebeeld is, gesien en terdeë geniet het.

**Maandag, 10 Maart 1952. 8 n.m.**

**Nederlandse Aand.**

In 'n goed gevulde stadsaal, is die toeskouers vergas op verskillende Nederlandse melodieë, 'n koorsang en 'n skouspel, „Door de Eeuwen heen", ontwerp deur Jonkheer W. van Beyma met teks geskryf deur Dr. J. Ploeger, asook 'n toneelspel in een bedryf deur J. J. Klant.

Die toegang is deur die Nederlandsche Vereeniging self gereël.

**Dinsdag, 11 Maart 1952. 7.30 n.m.**

Fakkeloptog op die Parkeerterrein voor die Voortrekkermonument. „Die Fakkel brand" was die leuse vir die aand.

Streekleier Komdt. W. F. Kraamwinkel het opgetree as seremoniemeester en kommentator.

Drie hooffakkels op weg na Kaapstad is die aand ontvang nl. vanaf Ohrigstad, Coligny en Rhodesië. Die Voortrekkers van Pretoria en omgewing, Bronkhorstspruit, Hartebeestpoortdam en elders het deelgeneem. Dit was 'n skouspelagtige gesig by die monument. Die S.A. Lugmag het vlamwerpers neergelaat wat vir die eerste keer deur die publiek van Pretoria gesien en bewonder is.

**Woensdag, 12 Maart. 3 n.m.**

Kinderprogram gelewer deur die laerskole van Pretoria.

Die volgende laerskole het aan hierdie program deelgeneem: Eloffsdalskool, General Jaques Pienaarskool, Andries Pretoriusskool, Hermanstadskool, Oosteindskool, Rietfontein-Noordskool, Mountain Viewskool, Simon Bekkerskool, Villieriaskool, Eben Schwemmerskool, Danie Malanskool en Pretoria-Oosskool.

**Vrydag, 14 Maart 1952. 7.30 n.m.**

'n Kinderprogram, gelewer deur die hoërskole, is in die stadsaal aangebied.

Die volgende hoërskole het deelgeneem: Afrikaanse Hoër Meisieskool, Wonderboom Hoërskool, Afrikaanse Hoër Seunskool, Pretoria-Noord Hoërskool, Michael Brink Hoërskool en die Hoër Huishoudskool Martha Human by Hartebeespoortdam.

Die opvoerings het bestaan uit kore, volkspele, praatkore, slagorkeste, toneel- en gebare-spele. Sover moontlik het die verskillende items wat voorgedra en gelewer is, betrekking gehad op die geskiedkundige ontwikkeling van Suid-Afrika.

Die opvoerings was van 'n baie uitstaande gehalte en die stadsaal was albei kere van hoek tot kant gevul.

**Woensdag, 12 Maart 1952. 7.45 n.m.**

Pretoriussaal Opvoering deur Volksteater:

Drie eenbedrywe is opgevoer om die ontwikkeling van die drama en toneelkuns in Suid-Afrika voor te stel:

(1) Jan en Katrina deur Janni, 1893. Regie deur Helena Guldenpfenning.

(2) Die Onmoontlike Tweeling deur C. J. Langenhoven. Regie deur Helena Guldenpfenning.

(3) Die Ontvlugting deur W. A. de Klerk. Regie deur Elise van der Spuy.

Die ondersteuning was goed en die gehoor het die stukke terdeë geniet. 'n Paar mylpale in die ontwikkeling en vooruitgang van die Afrikaanse toneelkuns is baie realisties uitgebeeld.

**Donderdag, 13 Maart 1952. 7.45 n.m.**

Pretoriussaal Opvoering deur P.O.A.D.A. van Pretoria.

Die blyspel van R. B. Sheridan „The School for Scandal" is opgevoer. Dit is 'n blyspel in vyf bedrywe. Evelyn Shapiro het die regie waargeneem.

Hierdie blyspel was kort te vore in Pretoria opgevoer en dit was miskien die rede waarom die ondersteuning nie te goed was nie. Almal wat teenwoordig was het die spel, kostumering ens. bewonder.

**Historiese Voorstelling op die Loftus Versfeld-Terrein.**

Drie voorstellings is gelewer.

(1) Donderdag, 13 Maart 1952; 10 v.m.: Vir skole in die omtrek van Pretoria.

(2) Vrydag, 14 Maart 1952; 2.30 n.m.: Vir skole in Pretoria en die publiek.

(3) Saterdag, 15 Maart 1952; 2.30 n.m.: Vir die publiek.

„Aanskou — ons bou 'n Nasie",

'n historiese voorstelling wat die vooruitgang van Suid-Afrika simboliseer, spesiaal deur mej. Ida Bagot-Smith opgestel en opgevoer onder leiding van die skryfster en Mej. Cobie Court.

Hierdie aanskoulike voorstelling is deur nagenoeg 17,000 kinders en volwassenes bygewoon. Dit kan bèskou word as die hoogtepunt van die feesviering te Pretoria.

Die voorstelling het uit die volgende hoof-aspekte bestaan:

1. Natuureienskappe van Suid-Afrika.
2. Die Natuurbewoners.

3. Die Aankoms van die Blanke Volksplanters.
4. Die Produkte.
5. 'n Nasie Verenig.
6. Dreigende Gevare word deur gesamentlike optrede en gebed afgeweer.
7. Eindtoneel — danksegging.

Leerlinge van die meeste laerskole, hoërskole, tegnieseskole, Normaalkollege-studente asook Universiteitstudente het hieraan deelgeneem.

Dit was 'n reusetaak; en dit was 'n reusesukses, met duidelike boodskappe aan alle inwoners van ons land. Dit het die meevoerende emosionele element aan die viering verskaf wat vir baie mense die fees onvergeetlik gemaak het.

**Saterdag, 15 Maart 1952. 8.15 n.m.**

Musiek en Kooruitvoering:

1. „Te Deum Laudamus" vir koor, soliste en simfonie-orkes, spesiaal gekomponeer deur Prof. G. Bon.
2. Ludwig von Beethoven se 9e Simfonie.

Die opkoms was goed en die uitvoering was puik. Die Stadsorkes van Johannesburg met Prof. G. Bon as dirigent, het mede opgetree.

**Sondag, 16 Maart 1952. 3 n.m. Stadsaal.**

Gesamentlike kerkdiens vir Volwassenes.

Die diens is waargeneem deur Di. A. J. G. Oosthuizen, Mulder, H. J. R. du Plessis, die Biskop van Pretoria, die Hoog-Eerwaarde R. S. Taylor, Hoog-Eerwaarde G. Philip en Kapt. J. Campbell. Net soos in die geval van die kinderdiens, was die bywoning swak.

**Historiese Uitstalling, Boomstraat-Museum.**

**8 Maart, – 7 April 1952.**

Die amptelike opening van die Historiese uitstalling is deur Sy Edelagbare Minister J. H. Viljoen, Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap, op 13 Maart 1952 om 4 n.m. by die Boomstraatse Museum waargeneem.

Oudhede uit verskillende tydperke van ons Suid-Afrikaanse geskiedenis is tentoongestel in hoofsaak in glasvertoonkaste wat deur die Provinsiale van Riebeeckfeeskomitee laat maak is met fondse wat deur goedgesinde firmas en persone bygedra is. Die Komitee vir Historiese Uitstallings is hierdeur in staat gestel om oudhede, wat weens gebrek aan uitstalruimte in die kelders weggepak was, ten toon te stel. 'n Woord van innige dank

aan die personeel en werkers in die munisipale werkplase wat hierdie glasvertoonkaste gemaak het! Twee van hierdie kaste is deur die manne van die S.A. Spoorweë se werkswinkels gemaak. Ook aan hulle ons innige dank! Die vertoonkaste bly die eiendom van die Transvaalse Museum te Pretoria.

Meer as 16,000 persone het hierdie interessante uitstallings tydens die fees besigtig.

**Kunsuitstalling.**

Op twee verskillende plekke is kunsuitstallings gehou:

(a) In die Buitemuurse-geboue van die Universiteit Pretoria. Opening 10.30 v.m. op 10 Maart 1952.

(b) In die Tegniese Kollege. Opening 10 Maart 1952, om 3 n.m.

Die uitstalling het eers op 31 Maart gesluit.

Volgens 'n brief van Prof. Duminy was die uitstallings 'n groot sukses. Hy maak melding van die waardevolle dienste wat Dr. Stein Lessing tydens die uitstallings bewys het.

**Uitstalling van Boeke en Drukwerk.**

Van 6 tot 16 Maart 1952 is daar 'n uitstalling van uiters waardevolle en seldsame boeke, kaarte en drukwerk in die naslaankamer van die Staatsbiblioteek gehou.

Hierdie uitstalling was baie interessant en leersaam. Die publiek het van die kans goed gebruik gemaak om die uitstalling te besigtig. Deskundiges was aanwesig om as gidse op te tree.

**Ontvangs van die Poskoets.**

Die ontvangs van die Poskoets op weg na Kaapstad is aan die A.T.K.V. opgedra. Hulle het hul eie reëlingskomitees gehad wat verantwoordelik was vir die reëlings tydens die besoek van die Poskoets aan Pretoria.

**Verversings.**

As erkentlikheid vir hulle onbaatsugtige dienste aan die gemeenskap is die volgende organisasies die geleentheid gegee om verversings by alle funksies van die Provinsiale van Riebeeckfees te Pretoria te verskaf en alle winste gelyk onder mekaar te verdeel: Hulle was die Rooikruis, die Noodhulpliga, die Siviele Blindes, St. Dunstans, die S.A. Vroue-Federasie, die Christelike Maatskaplike Raad, die Kindersorg, die Voortrekkers en die Boy Scouts.

**Program.**

Die programme wat gedruk was, is op 'n paar na uitverkoop.

**Vervoer.**

Die vervoerreëlings is getref deur Kol. Pettipher. Die stadsraad was so goed om skoliere toe te laat om van skolierebuskaartjies gebruik te maak tot 6 n.m. gedurende die feesdae. Die vervoer het glad verloop en geen klagte is ontvang nie.

**Parke, Strate en Tuine.**

Die omgewing van Rietvleidam is hernoem tot „Van Riebeeck-Natuurreservaat". 'n Stuk teerpad op weg na Delmas is genoem die „Maria van Riebeecklaan". In Voortrekkerhoogte is 'n straat hernoem tot „Van Riebeecklaan".

**Noodhulpdienste.**

Die Noodhulpliga, die Rooikruis en die St. John Brigade verdien 'n woord van innige waardering en hartlike dank vir die getroue en onbaatsugtige dienste wat hulle tydens die feesviering gelewer het.

**Nie-Blanke feesviering.**

Die kleurlinge en Bantoe het hulle afsonderlike feesverrigtinge gehad wat uit die volgende bestaan het:

(a) Kleurlinge: 'n Gekostumeerde Karnival vir kinders; toesprake, 'n gesellige aand, 'n drama, solo's en 'n gekostumeerde dans. Die organisasie is waargeneem deur die „Pretoria Arts Club" Die items is by die Coronation-sportsgronde en in die Dougallsaal uitgevoer.

(b) Die Bantoe-gemeenskap het hulle feesverrigtinge by die Pelmdabasportstadion in Atteridgeville gehou. Die items het bestaan uit stamdanse, prysliedere en 'n bioskoopvertoning met geskikte toesprake.

**Nie-Blanke Kerkdienste.**

Daar gesamentlike dienste prakties onuitvoerbaar geblyk het, het die sendelinge van die verskillende gemeentes onderneem om tydens hulle dienste spesiaal melding te maak van die van Riebeeckfees en sy betekenis op die Sondae wat met die feesviering saamgeval het.

**Kantoor-Administrasie.**

Heel aan die begin het mnr. B. J. van der Walt, L.V., opgetree as ere-sekretaris. In Oktober 1951 is mnr. G. R. J. Kluijts tot deeltydse sekretaris benoem. Vanaf 12 November 1951 het die Transvaalse Onderwys Departement aan hom verlof toegestaan om as voltydse sekretaris te mag dien.

Aan die begin was die kantoor van die Feeskomitee in die kantoor van die Kultuurraad in S.A.N.L.A.M.-gebou. Mev. Scott, die tikster van die Kultuurraad, het die tikwerk behartig, sonder vergoeding. 'n Woord van hartlike dank kom haar toe.

Namate die organisasie uitgebrei het, was 'n eie kantoor, tikster en ameublement nodig. Mnr. J. H. Pretorius was so goed om aan die Feeskomitee so'n kantoor sonder vergoeding af te staan. 'n Woord van innige dank aan hom, ook aan mnr. S. G. Bam wat ons van 'n tikmasjien kosteloos voorsien het.

Mej. Pienaar is aangestel as deeltydse tikster, maar met die toenemende organisasie, moes 'n voltydse tikster gevind word. Ons was gelukkig om die bekwame dienste van Mev. Geertsema te verkry, wat ons tot die einde toe bygestaan het.

Mnr. J. G. Pretorius het as deeltydse hulpsekretaris opgetree. Sy dienste en ywer word hoog waardeer. Die kantoor het op 28 Maart 1952 gesluit.

**Finansies.**

Die bydrae van £2,000 wat die Provinsiale Raad van Transvaal heel aan die begin toegesê het, het die Komitee baie bemoedig en het die werksaamhede mooi op koers gebring. Altesaam het die Komitee 'n omset gehad van £10,000. Die volle bedrag van die winste is aan verdienstelike ondernemings van 'n permanente aard toegeken, waaronder die verskuiwing van die Kruger-standbeeld en die oprigting van 'n Louis Trichardt-monument; maar verreweg die grootste som n.l. £3,450 is bygedra vir die aankoop en onderhoud van vertoonkaste vir die historiese museumtak in Boomstraat, Pretoria, van die Transvaalse Museum. Die Komitee se hartlike dank aan die sameroepers en lede van alle hulpkomitees, en by name aan mnr. J. H. Pretorius en sy Finansiële Komitee!

**Die Pers.**

Die pers het met die Feeskomitee pragtig saamgewerk deur die reklame en publisiteit wat hulle aan ons feesvierings te Pretoria verleen het. Graag wens ons te noem: „Pretoria News", „Die Transvaler", „Die Vaderland", „The Rand Daily Mail" en „The Star" en laastens maar nie die minste nie die Uitsaaikorporasie.

**Verkeer en Polisie.**

Die verkeersafdeling van die munisipaliteit en die polisie het onskatbare dienste bewys tydens die feesverrigtinge te Pretoria. Sover bekend, is geen ongeluk van ernstige aard aangemeld nie. Die reëlings het glad verloop.

**Voortrekkers en Boy Scouts.**

Die jeugorganisasies was verantwoordelik vir plekaanwysings gedurende die feesviering.

Die Voortrekkers onder Komdt. Pretorius was ook verantwoordelik vir die verspreiding van die programme. Graag betuig ons ons waardering vir die dienste deur genoemde jeugorganisasies gelewer.

**Glasvertoonkaste.**

Twee-en-twintig glasvertoonkaste is in die munisipale werkswinkels te Pretoria gemaak. Die laaste paar is nie voltooi nie. Volgens 'n brief van Dr. Fitz-Simons sal 'n bedrag van £100 nodig wees om die kaste te voltooi. Deur die onvermoeide ywer van dié werkswinkels, was die komitee in staat om hierdie blywende herinnering aan die feesviering te Pretoria, aan die Kultuurhistoriese museum te Boomstraat te oorhandig. Dank kom ook toe aan die Komitee vir Historiese uitstallings en by name mnr. J. H. Pretorius en mev. K. Roodt-Coetzee om dié vertoonkaste 'n werklikheid te maak.

Nog twee glasvertoonkaste is deur die S.A. Spoorweë vir die geringe bedrag van £58 gemaak. Ons innige dank aan die Minister van Vervoer en die S.A. Spoorweë.

Deur hierdie glasvertoonkaste daar te stel, is in 'n lang gevoelde behoefte voorsien.

'n Woordjie van dank aan mnr. H. P. H. Behrens wat as skakelbeampte van die Stadsraad van Pretoria op verskillende komitees gedien het.

Graag wens ek ten slotte my persoonlike dank te betuig aan die Voorsitter, Dr. G. von W. Eybers, en die Voorsitter van die Finansiële Komitee, mnr. J. H. Pretorius, vir hulle wyse raad, hulp en leiding in die moeilike taak. My innige dank ook aan al die lede van alle komitees en hulle saamroepers wat die viering van die Provinsiale van Riebeeckfees vir Transvaal moontlik gemaak het, en ook glad laat verloop het.

G. R. J. KLUIJTS,

Ere-sekretaris.

12.10.53

**Chairman's Foreword.**

# *Behold, we build a Nation.*

Where the bright blue ribbon of road, which forms the main highway linking Cape Town with the rest of Africa and emphasising the essential oneness of our continent, winds round the base of the Voortrekker Monument and passes through Pretoria, the Transvaal celebrated the tercentenary of Van Riebeeck's landing in Table Bay. For some weeks in March and April, 1952, our festival continued in grateful remembrance of our past. We endeavoured to assess our achievements of the past three centuries and some of these we represented in visual form. The result was an inspiration to many. We also tried to understand the nature of the mandate which civilisation has given us in Africa. It was a great task, as we saw it, and we pledged ourselves anew to its fulfilment. Moving on those pinnacles of inspiration and insight, we obtained strength for the road that we are to follow.

We thought big and we felt proud, but at times we deemed ourselves small and unequal to our task. Yet in those days whilst we found ourselves on the heights, some of us felt an urge towards achievement and much was accomplished: a poem specially composed, a drama, a melody, the experience of successful organisation, here and there a fine dress designed, display cabinets for a museum, a nature reserve in remembrance, a stretch of tarred road named in honour of the wife of our first coloniser, a contribution to a good cause that needed it, bonds of friendship strengthened, more tolerance and affection, a deeper knowledge of our history and the factors that went towards its making as well as the men toward whom we were indifferent or worse.

And here is presented, over the name of our Hon. Secretary, a brief summary and unadorned, of what the Celebrations Committee and its many helpers were able to offer, trusting that it will be a reminder to many who as a result of the celebrations, grasped their terms of reference more clearly and mapped their lines of action more firmly than before; trusting, too, that it will strengthen those who come after them in their faith.

Herewith, then, we believe that we have carried out the instructions imposed on us by our principals, the "Afrikaanse Kultuurraad" of Pretoria and the citizens of the Transvaal; and the Committee ventures to assume its honourable discharge.

G. W. EYBERS.

# 'N SELDSAME FOTO

**Maurits J. Dommisse,** stafoffisier van genl. Beyers. Hy is saam met genl. Joubert na Natal as veldtelegrafis en hiliografis. Later het hy ook op die staf van genl. D. Erasmus in daardie hoedanigheid gedien. Hy en sy oorlogskameraad Hendrik Mentz, het genl. Beyers in Pietersburg ontmoet, waar hy die telekommunikasies tussen die Noorde en genl. Botha in die Ooste moes oophou. Generaal Beyers het hom en Mentz egter gevra om as stafoffisiere by hom aan te sluit. Genl. Botha het sy toestemming daartoe verleen. Genl. Beyers het hom na die vredesluiting as kaptein by die verdedigingsmag aangestel. Hy het met die rang van majoor afgetree.

**Frikkie van Manen** is saam met genl. Meyers met die Boksburg-kommando na Natal, en nadat genl. Beyers na die slag te Dalmanutha (Augustus 1900) as Assistent-kommandant-generaal aangestel is, het genl. Beyers hom dadelik gevra om as Adjudant-sekretaris op sy staf te dien. Frikkie was 'n baie pligsgetroue adjudant-sekretaris en het van dag tot dag noukeurig aanteking gehou van alle krygsverrigtings en gereëld rapporte aan genl. Botha gestuur. Hy het ook volledig aantekening gehou van alle gewondes, gesneuweldes en krysgevangenes, asook van die offisiere van die verskillende kommando's onder genl. Beyers en hul getalsterkte, ens. Toe dit later onmoontlik geword het om al die dokumente en registers op 'n wa of kar te vervoer, het hy dit 'n tyd lank op 'n pakperk gepak, maar daar was altyd die gevaar dat dit in die hande van die vyand kon val. Gevolglik het hy al die dokumente in 'n bliktrommel êrens in 'n krans in die Soutpansberge begrawe. Ongelukkig is dit later deur die vyand ontdek, uitgehaal en waarskynlik vernietig. Frikkie was 'n baie dapper krygsman. Op 'n keer was die staf van genl. Beyers vasgekeer. Frikkie se perd word gekwes en hy kon nie uitjaag nie, maar hy hardloop weg en verdwyn in 'n digte bos, vanwaar hy na 'n seekoeigat gekruip het en onder die biesies weggeduik het. Die vyand het orals na hom besoek, maar kon hom nie kry nie! Hy het die heeldag daar in die water weggekruip met net sy neus bokant die palmiet. Dieselfde nag is hy daaruit en terug na die kommando. Toe genl. Beyers later as Kommandant-generaal aangestel is, het hy Frikkie weer gevra om op sy staf te dien. Hy het met die rang van kolonel afgetree.

**Hendrik Mentz,** stafoffisier van genl. Beyers. Hy het saam met majoor Dommisse by Beyers aangesluit. Hy was herhaalde male gewond. By een geleentheid is sy perd onder hom doodgeskiet en moes hy swaar gewond op die perd van Laurens van Niekerk (ook op die staf van genl. Beyers) uitgery word. Hy het onder genl. Botha as minister van Verdediging gedien, en na dié tyd het hy as prokureur 'n groot praktyk in Pretoria opgebou.

**Generaal Christiaan Frederick Beyers** het as gewone manskap saam



*'n Paar bekende krygsmanne uit die Tweede Vryheidsoorlog by die Vredeskongres te Vereeniging ofgeneem.*
*Van links na regs staan: Maj. M. J. Dommisse, F. S. van Manen, Hendrik Mentz, Generaal Beyers, Kaptein Heinrich du Toit en Kommandant T. S. Stoffberg. Hierdie foto is seldsaam.*

met Veldkornet I. van Wyk (Oom Naas), van die Germiston-Boksburg-kommando na die Natal-front gegaan. Later het hy Asst.-komdt.-generaal, met opdrag om die Noordelike distrikte, Soutpansberg en Waterberg te gaan organiseer, geword. As generaal het hy roem verwerf in die slag teen genl. Clements te Nooitgedacht (sowat 50 myl Suid-wes van Pretoria) op 13 Des. 1900. By die vredesonderhandelinge te Vereeniging is hy as Voorsitter van die kongres gekies en het dit op bekwame wyse gelei. Hy het met komdt. Stoffberg 'n tent gedeel. Na die kongres besluit het om vrede te sluit met die verlies van die onafhanklikheid van die twee Republieke, was genl. Beyers baie mismoedig. Komdt. Stoffberg het toe sy Bybel geneem en gelees:

„Nie deur geweld maar deur My wil sal dit geskied." Daarna het Beyers troos vir sy gemoed gevind. Daardie woorde het later die rigsnoer geword van sy latere politieke loopbaan. Selfs by die uitbreek van die gewapende protes in 1914, het Beyers hom nog daaraan gehou en die sg. „Rebelle" wat hom gevolg het, verbied om te skiet. Hy het nooit opdrag gegee om te skiet nie, selfs nie eers in selfverdediging nie. By sy bedanking as Kommandant-generaal van die Verdedigingsmagte van die Unie van S.A., het Majoor (later kolonel) Frikkie van Manen, Kapt. Dommisse (later majoor) en ander offisiere ook hul bedanking by hom ingedien, maar hy het geweier om dit te aanvaar en hulle gevra (feitlik gesoebat) om op hul pos te bly, en gesê „ek gaan bedank ten einde die Regering te beweeg, deur middel van protesvergaderings, om af te sien van sy besluit om burgers vir die veldtog teen Duits Suidwes te kommandeer." Frikkie van Manen was destyds in noue voeling met genl. Beyers en het later 'n uitvoerige memorandum vir minister J. H. Hofmeyr opgestel waarin hy (Frikkie) al die beweegredes van genl. Beyers helder uiteengesit het. Ongelukkig het hierdie geskiedkundige memorandum verlore gegaan; maar die latere navorsing deur dr. J. Scholtz (sien sy boek oor Beyers) het dit helder aan die lig gebring dat genl. Beyers nooit van voorneme was om te rebelleer met die doel om die onafhanklikheid van die Republieke te herstel nie. Hy het hom, m.a.w. steeds gehou aan die lig wat hy as tentmaat van komdt. Stoffberg die nag biddend ontvang het . . . „nie deur geweld maar deur My wil sal dit geskied." Genl. Beyers is in die laaste geveg by Beyersnek deur die knie gewond, en het direk daarop die bevel aan sy stafoffisiere Dommisse en Mentz oorhandig. In daardie laaste geveg, feitlik net voor die aanvang van die vredesonderhandelinge, het die klein Soutpansberg-kommando 'n oormag onder kol. Colenbrander op die vlug gejaag. Genl. Beyers is later gekies as Speaker van die Transvaalse Volksraad en was later aangestel as Komdt.-genl. van die Unie van S.A. Sy verdere geskiedenis en dood is aan almal bekend.

**Kaptein Heinrich du Toit** van die Transvaalse Staatsartillerie. Op hierdie portret is hy nog in die uniform van die Staatsartillerie te sien. Hy

was 'n onderwyser (te Middelburg, Tvl.), maar met die uitbreiding van die Staatsartillerie het hy as rekruut-kadet aangesluit en later luitenant geword. Hy is saam met Kol. Fanie Trichardt (hoof van die Staats-artillerie) na die Natalse front. Hy is later tot kaptein bevorder. Hy het seker meer wonde opgedoen as enige ander burger gedurende die oorlog. (Sien die tweede deel van dr. Breytenbach se boek oor die tweede vryheidsoorlog). Later het hy hoof van die Landbou-uitbreidingsdepartement onder minister Jan Kemp geword. Hy het altesame sowat 21 wonde aan sy liggaam gehad. Hy was veral bekend vir sy ongeëwenaarde humorsin, moed en dapperheid.

**Kommandant Stoffberg.** Sy geskiedenis is taamlik goed bekend. Hy was onder andere onderwyser vir genl. J. C. Smuts en dr. D. F. Malan, en glo ook Sondagskoolonderwyser. Hy het later Lid van die Uitvoerende Komitee van die Transvaal geword. Hy het later eers teen die einde van die oorlog kommandant geword onder genl. Beyers.

Nadere besonderhede kan ek nie verstrek nie.

# ENIGE HERINNERINGE

Die offisiere wat op die portret verskyn is almal ou Pretoriane, behalwe een n.l. komdt. T. S. Stoffberg. Van hulle is daar nog maar net een in die lewe, naamlik die skrywer van hierdie artikel. Die foto is geneem deur 'n Engelse offisier tydens die vredeskongres te Vereeniging.

Dit is miskien van belang om enige voorafgaande insidente wat in noue verband met die persone op die foto staan, aan te stip. Een van die laaste gevegte in Noord-Transvaal het teen die einde van April 1902 plaasgevind op die hoogste kruin van die Wolkberge, Iron Crown, naby die dorpie Haenertsburg, waar een van die kolonnes van Kol. Colenbrander van sowat 4-500 man, 'n poging aangewend het om ons aan te val en te omsingel. Dit was na 'n 14 daagse skermutseling waarin die generaal gewond is. Die bevel van die Engelse offisier „Charge boys" weergalm in die vroeë more, maar die aanval word gestuit. Mentz en Dommisse kry die bevel om die vyand, wat intussen 'n sterk posisie ingeneem het, aan te val, en dit met uiters 50 man. Dit is nie die bedoeling om alles hier te beskrywe nie, maar net om kortliks te sê dat die vyand op die vlug geslaan het. Die Boere, al skietende uit die saal, het die hele oormag tot oorgawe gedwing. Daar was nog 'n 200 National Scouts op Iron Crown, wat vroegtydig gevlug het. Die kop is deur ses man waaronder Kapt. Heinrich du Toit, tevoet beklim. Na die geveg is die Engelse ambulans, wat in die onmiddellike nabyheid onder die berg gestaan het, ontbied om die gewondes te versorg. Die eerste vraag

was 'n onderwyser (te Middelburg, Tvl.), maar met die uitbreiding van die Staatsartillerie het hy as rekruut-kadet aangesluit en later luitenant geword. Hy is saam met Kol. Fanie Trichardt (hoof van die Staats-artillerie) na die Natalse front. Hy is later tot kaptein bevorder. Hy het seker meer wonde opgedoen as enige ander burger gedurende die oorlog. (Sien die tweede deel van dr. Breytenbach se boek oor die tweede vryheidsoorlog). Later het hy hoof van die Landbou-uitbreidingsdepartement onder minister Jan Kemp geword. Hy het altesame sowat 21 wonde aan sy liggaam gehad. Hy was veral bekend vir sy ongeëwenaarde humorsin, moed en dapperheid.

**Kommandant Stoffberg.** Sy geskiedenis is taamlik goed bekend. Hy was onder andere onderwyser vir genl. J. C. Smuts en dr. D. F. Malan, en glo ook Sondagskoolonderwyser. Hy het later Lid van die Uitvoerende Komitee van die Transvaal geword. Hy het later eers teen die einde van die oorlog kommandant geword onder genl. Beyers.

Nadere besonderhede kan ek nie verstrek nie.

# ENIGE HERINNERINGE

Die offisiere wat op die portret verskyn is almal ou Pretoriane, behalwe een n.l. komdt. T. S. Stoffberg. Van hulle is daar nog maar net een in die lewe, naamlik die skrywer van hierdie artikel. Die foto is geneem deur 'n Engelse offisier tydens die vredeskongres te Vereeniging.

Dit is miskien van belang om enige voorafgaande insidente wat in noue verband met die persone op die foto staan, aan te stip. Een van die laaste gevegte in Noord-Transvaal het teen die einde van April 1902 plaasgevind op die hoogste kruin van die Wolkberge, Iron Crown, naby die dorpie Haenertsburg, waar een van die kolonnes van Kol. Colenbrander van sowat 4-500 man, 'n poging aangewend het om ons aan te val en te omsingel. Dit was na 'n 14 daagse skermutseling waarin die generaal gewond is. Die bevel van die Engelse offisier „Charge boys" weergalm in die vroeë more, maar die aanval word gestuit. Mentz en Dommisse kry die bevel om die vyand, wat intussen 'n sterk posisie ingeneem het, aan te val, en dit met uiters 50 man. Dit is nie die bedoeling om alles hier te beskrywe nie, maar net om kortliks te sê dat die vyand op die vlug geslaan het. Die Boere, al skietende uit die saal, het die hele oormag tot oorgawe gedwing. Daar was nog 'n 200 National Scouts op Iron Crown, wat vroegtydig gevlug het. Die kop is deur ses man waaronder Kapt. Heinrich du Toit, tevoet beklim. Na die geveg is die Engelse ambulans, wat in die onmiddellike nabyheid onder die berg gestaan het, ontbied om die gewondes te versorg. Die eerste vraag

was: „Where can we find general Beyers." Verneem moes word dat twee rapportryers wat in verband met vredesonderhandelinge gestuur is, dit wou weet.

Staatssekretaris President Reitz en Wd. Staatsprokureur Adv. Louis Jocobsz, ook 'n oud Pretorian, is deur adjudant Frikkie van Manen by die Engelse kamp afgehaal om afgevaardigders na die Vredeskongres te laat kies. Gedurende die nag het 'n hewige skietery in die kamp plaasgevind. Die vyand het gemeen dat die Boere die kamp aanval. Eers nadat oom Frikkie aan hulle beduie het dat hulle skaduwees in die helder maanlig vir Boere aansien, is die geveg gestaak.

Die Engelse kamp is by 'n geleentheid besoek deur komdt. T. S. Stoffberg, Frikkie van Manen, Mentz en Dommisse, en met die terugry word 'n luislang sommer met die hand gevang; met Oom Frikkie aan die kop, Mentz aan die stert en Dommisse in die middel! Die ongedierte is met 'n stukkie riem aan 'n boom vasgemaak maar toe hy losgelaat word, slaan hy skielik sy lyf driedubbel om komdt. Stoffberg se lyf! Die Engelse Tommie wat ons begelei het, wou ons aanbod nie aanneem om die slang in 'n sak aan sy offisier te gee nie, en het gesê: „You can put a hundred Boers in that koppie, but I won't touch this brute."

Genl. Beyers en komdt. T. S. Stoffberg is gekies as afgevaardigdes na die Vredeskongres.

Te Pretoria was die afgevaardigdes met hulle staf gehuisves in Esselenstraat, een of twee huise aan die oostekant van Bronbergkerk. Die gesin van Frikkie van Manen het op die hoek van Esselen- en Celliersstraat gewoon. Ons is egter baie streng deur Skotse troepe bewaak, en geen besoek is toegelaat nie. Familiebetrekkinge, selfs moeders en susters kon slegs op 'n afstand 'n paar woorde wissel. Die Hoof van die Geheimediens met sy speurders was langsaan en was gedurig op die uitkyk. Strenge militêre maatreëls was verstaanbaar, maar nie die spioenasie nie. Op Vereeniging het spioene wat hulle voorgedoen het as rou Tommies, in die kamp rondgeloop om elke woord af te luister. 'n Poging is selfs aangewend om 'n telefoon in die vergadertent te installeer, maar dit is deur komdt. Alex Boshoff ontdek en verwyder. Die tente is toe deeglik ondersoek of daar miskien enige soort installasies was.

Na die vredesonderhandelinge is ons dadelik per trein na Pietersburg. Vroue is op die trein geplaas as spioene. Hendrik Mentz en ek het opdrag ontvang om die Bittereinders in die Soutpansberge op te spoor en aan te sê om die wapens te kom neerlê. Met hierdie laaste plig het ons benoude oomblikke deurgemaak. Een van die benoudste nagte wat ek in die hele oorlog deurgemaak het was toe ons twee, wat ongewapen was, deur naturelle wat die wit vlag nie gerespekteer het nie, omsingel is, maar hoe ons daar uitgekom het, sal maar verswyg word.

Maj. M. J. DOMMISSE.

# Die Kronieke

*van*

# Wallmannsthal

*deur*

T. S. VAN ROOYEN

**III.**

*In ons vorige uitgawe het eerw. Knothe volgens 'n brief aan 'n vriend bitterlik gekla oor die teenkanting wat hy in sy sendingwerk ondervind van die kant van die Boere asook naturelle. Veral die twee kapteins Molebeledi en Jan Kekana het 'n vyandige houding begin aanneem en hul volgelinge wat bekeer is, met geweld bedreig. In die volgende hoofstuk bereik die verhoudinge 'n krisistoestand.*

„Dit is uiters smartlik vir 'n sendeling om te aanskou hoe die fris lentebloeisels van die geloof vernietig word deur die ysige ryp van die duiwel. Vir hierdie teleurstelling vergoed die geleidelike groei van my gemeente egter. Dit was nie lank voordat daar 160 naturelle op die sendingplaas gewoon het nie en op die 20ste Februarie (1873) kon ek weer 32 doop. Onder laasgenoemde groep was daar die moeder van Kekana en die halstarrige Molebeledi. Dus, na twee jaar het die getal dopelinge gestyg tot 54 en dit die teenstand en opruiing van wantrouige individue ten spyt. Daarby moet ook nog gemeld word dat daar 58 volwassenes was wat doop-onderrig ontvang het asook 34 kinders wat die skool bygewoon het.

"God het ons gedurende die afgelope jaar teen baie gevare bewaar en boonop in baie opsigte geseën.

„Nadat ons reeds 'n paar maande in Wallmannsthal gewoon het, en terwyl my liewe vrou in die kombuis ('n klein strooihut wat ons onder omstandighede van gebruik moes maak) besig was, het 'n sowat ses voet mamba, sissend langes haar hom gereed gemaak om haar in die gesig te byt. My vrou het histeries begin skree waarop van die bekeerlinge haar te hulp gesnel het. Die slang het egter intussen verdwyn en het hulle tevergees daarna gesoek. Toe ek van die beeskraal terugkeer, het ek die pondok van hoek tot kant deursoek, maar tevergeefs. Skielik het my hond op sy agterpote teen die muur gaan staan en waarskuwend geblaf. By ondersoek het dit geblyk dat die reptiel tussen die dak en die muur geskuil het. 'n Goed-

gemikte skoot van my geweer het die sissende slang gelukkig onskadelik gestel.

„Gedurende Maart 1870 was ek weer ernstig siek aan malaria. Ook hierdie keer was ek byna dood, dog asgevolg van die liefdevolle bystand van my vrou, wat my met die homopatiese middel *Apis Mellefica* behandel het, het die siekte nie so lank geduur as in 1866 te Cha Matlala nie."

## II.


*Die gewelddadighede van die Boere is nie weer herhaal nie. Die ou woonhuis is deur termiete opgevreet en daar moes gevolglik 'n nuwe gebou word. Om dinge nog verder te bemoeilik het Kekana se teenstand ontaard in openlike vyandskap en booswillige opsweping. Mathvele is ook deur hom beïnvloed. Merensky se omsigtige ondersoek hierna is egter met sukses bekroon. ,'n Duistere Gees is besig om die gemeente te beïnvloed.' Tsaepi is ook vyandig terwyl Molebeledi 'n slinkse vyandigheid aan die dag gelê het. Gou het sekere strydvrae aan die dag gekom, veral die kwessie van die afskeer van die hare was netelig. Kekana is gedwing om te vertrek. Kekana versoek toenadering, maar gee hom weer aan die drank oor.*

Die direkteur van die Berlynse sending het hierdie gebeurtenisse as volg treffend beskryf:

„In ons laaste berig het ons meegedeel dat die Boere op grond van hul jongste wetgewing, met gewelddadighede en dwangmaatreëls voortgaan. Hierdie galbrakery is gelukkig afgewend en is nie weer herhaal nie. Aan die anderkant word die stasie egter weer deur ander moeilikhede geteister. Broeder Knothe se woonhuis is deur termiete verniel. Gevolglik was hy verplig om onder moeilike omstandighede 'n nuwe te bou. Dog dit was nie die ergste nie. Dit is die nederige lot van broeder Knothe om in die sweet van sy aangesig liggaamlike en geestelike arbeid te verrig. Dit is ook nie iets seldsaams nie.

„Die heidene in die onmiddellike omgewing is nog ongenaakbaar en is nog ontoeganklik veral in die krale van Tsaope en Molebeledi. Tsaope het eenvoudig sy hart verhard teen die sending en is ons bitterlik vyandiggesind. Ook Molebeledi, ofskoon hy reeds van die Woord gehoor het, is hierdie houding toegedaan. Hy vaar uit teen die gelowiges, dreig hul met die dood en word immer meer soos 'n dier. Selfs sy vrou Sara het uit vrees vir haar man, nie meer die dienste bygewoon nie. Hierdie teenslae was egter nie die ergste nie. Iets baie meer gevaarlik, geheimsinning en vernietigend was besig om ondergronds deur te vreet.

„Dit was vir broeder Knothe vir 'n geruime tyd reeds duidelik dat 'n duistere onheilspellende gees aan die wortels van sy gemeente geknaag het.



*Hierdie ou klok roep kerkgangers na die Sendingskerk sinds omstreeks 1871. Die legende op die klok aangebring, lui as volg:*

*LIEBESGABE DES SAMMELVEREINS.*
*Bochum 1870.*
*So spricht der Herr, Herr:*
*Ich will euch sammeln aus den Völkern. Hesek. 11 : 17.*

Ten spyte hiervan het hy egter nog die heerlike vreugde gesmaak om te sien hoedat sy boodskap orals inslaan. Ook kon hy in 1871 die vreugde smaak om Jesaja, een van Molebeledi se seuns wat uit hoofde van sy sondigheid van die sendingplaas af verban is, weer terug te verwelkom."

„Ten spyte van bogemelde vreugdevolle vooruitgang, het broeder Knothe kennis gemaak met teenstand wat vir hom sowel teleurgestel het as tot die oortuiging laat kom het dat hy hier by hierdie stasie nie met gewillige Sotho, maar met teenstribbelrige verharde en ontoeganklike N'debele te doen het. Etlike van die gemeentelede uit die familie van Kaptein Jan Kekana wou uit hoofde van hul afkoms, hul laat geld ten spyte van die feit dat hulle nog heidene was. Selfs Jan Kekana is hoe langer hoe meer gewantrou. Reeds by die bou van die sendeling se huis, het hy opsetlik allerlei misverstande veroorsaak. Daarna het daar fundamentele strydvrae oor die leerstellinge na vore getree byv. oor die vraag van die skeer van hul hare. Die netelige vraag het naamlik ontstaan of die hare volgens die ou stamwyse geskeer moet word en of hulle hul hare op die hele kop moes laat groei. Kekana het wat hierdie strydvraag betref, die konserwatiewes se standpunt ondersteun en die ou heidense gebruik probeer beskerm. Sy optrede het later weer verdag geword en by eerw. Knothe die indruk gelaat dat hy besig was om planne te smee om met al sy aanhangers die stasie te verlaat en buite 'n selfstandige en onafhanklike bestaan te voer. Hy het egter intussen vir meer as 'n jaar met sy huigelagtige optrede voort gegaan. Daarna het die storm egter losgebars en het dit al Knothe se geloofsvertroue geverg om dit te weerstaan.

„Onder die meidjies wat broeder Knothe se skool bygewoon het, was daar 'n besonder begaafde en Godvresende meidjie met name Mantshele wat die volgende Paasfees gedoop sou word. Kekana het egter ander duiwelse planne in die mou gevoer. Hy het haar na sy kraal laat bring en allerlei smerige en onwelvoeglikhede ingeprent. Daarby het hy haar vir dae so te sê gefolter en wou haar eindelik dwing om 'n gans afstigtelike verklaring teen broeder Knothe af te lê. Drie dae het die meidjie volstrek geweier aangesien sy van al hierdie dinge niks af geweet het nie. Toe het hulle haar ook uit haar slaap gehou om haar weerstand sodoende te breek asook om haar te verwar. Uiteindelik het sy teenoor hierdie onsettende foltering geswig. Spoedig daarna het die meidjie, deur angs aangedryf, by eerw. Knothe gekom en hom alles meegedeel. Knothe het toe saam met haar 'n gebed gedoen, waarop hy Jan Kekana ontbied het. Mantshele het haar storie voor Kekana herhaal. Dit was asof satan Kekana beetgepak het. Hy het geskree, gedreig, probeer om haar aantygings te ontsenu, maar sy het voet by stuk gehou. ‚Alles wat julle my gedwing het om te sê, was louter leuens, leuens!' het sy verklaar. Maar intussen het Kekana gesorg dat sy storie die rondte doen sodat selfs gelowiges verward en onseker geraak het.

„Ons arme broeder Knothe het verskriklike dae deurgemaak. Kort

tevore het sy vrou geboorte geskenk aan 'n dogter en om haar nie te ontstel nie, was hy verplig om sy swaar las in stilte en eensaamheid te dra. Dit was vir hom aan die anderkant glashelder duidelik dat 'n ondersoek deur 'n onpartydige buitestaander ingestel moes word. Daarop het hy aan Merensky geskryf wat trots die ongunstige weersomstandighede, onmiddellik gekom het. Ook Sachse en Gruenberger is geroep. Gelukkig het Merensky 'n paar van sy oudste naturelleraadgewers saamgebring. Na hierdie sendelinge se aankoms is 'n algemene volksbyeenkoms saamgeroep. Intussen het broeder Knothe sy saak aan die sendelinge oorgedra en hom verder op God verlaat.

„God het sy gebede verhoor en is die hele sataniese fabrikasie van Kekana aan die lig gebring. Daarop is Kekana en 'n paar volgelinge gevra om die sendingstasie te verlaat. Die meeste heidene asook 'n paar ‚bekeerdes', het hom gevolg sodat die stasie meer as die helfte van sy inwoners verloor het. Dit was uiters smartlik vir Knothe om te aanskou hoedat hulle hul rug gekeer het op die Evangelie, maar die gemeente is aan die anderkant gesuiwer. Die wat agtergebly het, het hul met verdubbelde ywer aan hul werk gewy om daardeur Knothe te troos.

„'n Paar dae later het Knothe die arme Kekana weer teë gekom. Kekana was diep bedroef en het openlik geween. Gruenberger en Döhne wat met hom gepraat het, het die indruk gekry dat hy nog nie heeltemal vir die Evangelie verlore is nie, maar intussen het hy hom heeltemal aan die drank oorgegee. Na 'n paar dae het Kekana dan ook sy verskyning by Knothe gemaak en om vergifnis gesmeek. Hy het beweer dat dit hom pyn aandoen om in stryd met Wallmannsthal te verkeer. Knothe het egter hierdie ontboeseming met 'n knypie sout geneem.

„Weldra het ander inkomelinge na die stasie gekom en sodoende vergoed vir die vorige verlies aan inwoners. Onder hierdie nuwe inkomelinge was daar baie wat die lig van God nodig gehad het en begeer het. Teen Pinkster kon Knothe dan ook nie minder as 13 van hulle doop nie—so het die donderstorm wat oor die sendingstasie losgebars het, ook daartoe bygedra om die lug te suiwer . . . Uit wat op Wallmannsthal gebeur het, leer ons dat ons sendelinge nie alleen met vlees en bloed te kampe het nie maar terselfdertyd te doen het met die verskriklike magte van die onderaardse duisternis . . ."

**(Word Vervolg)**

Ekstra eksemplare verkrybaar by:

**UNIE-BOEKHANDEL**
Kerkstraat 236, Pretoria.
en
**VAN SCHAIK SE BOEKHANDEL**
Librigebou, Kerkstraat, Pretoria.

Extra copies obtainable at:

**UNION BOOK STORE**
236, Church Street, Pretoria.
and
**VAN SCHAIK'S BOOK STORE**
Libri Buildings, Church Street, Pretoria

Prys: 1/- per eksemplaar. Price: 1/- a copy.

**Adres van die penningmeester: Posbus 427.**
**Address of the treasurer: P.O. Box 427.**

**Genootskap Oud-Pretoria**
(Gestig 22 Maart 1948)

**Association Old Pretoria**
(Founded 22 March, 1948)

**Ons doel:** Om te waak oor die geskiedenis van ons stad en distrik.

**Our aim:** To preserve the past for the future of our city and district.

BESTUUR: EXECUTIVE COMMITTEE:

*Ere-President* — THE MAYOR OF PRETORIA — *Chairman.*
DIE BURGEMEESTER VAN PRETORIA.
*Voorsitter* — Dr. W. PUNT — *Chairman.*
*Ondervoorsitter* — Dr. V. FITZSIMONS — *Vice-Chairman.*
*Sekretaris* — Dr. F. J. DU TOIT SPIES — *Secretary.*
*Penningmeester* — Mnr./Mr. G. RISSIK — *Treasurer.*
*Argivaris* — Kapt./Capt. H. DE V. DU TOIT — *Archivist.*
*Redakteur* — Dr. T. S. VAN ROOYEN — *Editor.*
*Lede* — Mej./Miss J. H. DAVIES — *Members.*
Mr./Mnr. H. A. DE LOOR.
Mnr./Mr. R. PEACOCK.
Dr. G. W. EYBERS.
Mnr./Mr. H. M. REX.
*Verteenwoordiger van die Stadsraad/Representative of the City Council:*
Raadslid/Councillor W. J. SEYMORE.

Contributions may be sent to the Editor, P.O. Box 1422,/Bydraes moet gestuur word aan die Redakteur, Posbus 1422.

Gedruk deur Victoria Drukkery, Swemmerstraat 504, Gezina, Pretoria